

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

*We don't see things as they are
We see things as **we** are*

9.1 Inleiding

Die intervensienavorsingmodel maak spesifiek daarvoor voorsiening dat kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gekombineer kan word. Hierdie eienskap gee daartoe aanleiding dat breedvoerig gerapporteer is oor 'n groot verskeidenheid van aspekte in hierdie studie. Hierdie aspekte sluit grotendeels alle konsepte, beginsels, prosesse, elemente en empiriese navorsing in ten einde 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te kon ontwikkel en evalueer. Dit is volgens die navorser noodsaaklik dat elk van hierdie komponente wat binne hierdie studie aangespreek is sinvol binne 'n samevatting beoordeel word ten einde tot 'n wetenskaplike gevolgtrekking daaroor te kan kom en toepaslike aanbevelings te kan maak.

Hierdie hoofstuk sal benut word om hoofsaaklik elke voltooid hoofstuk saam te vat, te evalueer en aanbevelings daaruit te maak. Daar sal verder bepaal word of die probleem wat geformuleer is deur middel van die navorsing beantwoord is en of die doel en doelwitte wat gestel is, suksesvol bereik is.

Die totale navorsingsproses het die navorser tot bepaalde insigte met betrekking tot maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika laat kom. Hierdie insigte het ontwikkel deur die loop van die studie, en veral met verloop van die bestudering van die literatuur. Die bestudering van die literatuur was 'n omvattende taak en het grotendeels bygedra tot die finale produk. Die literatuurstudie is onderneem deur vanuit 'n voorgestelde teoretiese verwysingsraamwerk, naamlik

die Sisteemteorie, geïdentifiseerde konsepte, beginsels, prosesse en elemente te bestudeer. Die totale literatuurstudie verteenwoordig die voorgestelde model en kan soos volg saamgevat word:

- 'n Inleidende hoofstuk wat agtergrond en struktuur aan die studie bied;
- 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir die voorgestelde model met 'n indiepte bestudering van die Sisteemteorie;
- toepaslike konsepte met fokus op waardes, etiek en bemagtiging as belangrike konsepte binne maatskaplikewerk privaatrektyk;
- toepaslike beginsels met fokus op maatskaplikewerk beginsels, besigheidsbeginsels en lewensbeginsels binne die konteks van maatskaplikewerk privaatrektyk;
- toepaslike prosesse met fokus op hulpverleningsproesse in maatskaplike werk, bestuursproesse in maatskaplikewerk privaatrektyk en entrepreneuriese prosesse wat in maatskaplikewerk privaatrektyk teenwoordig is. Verder is 'n profiel van bestaande maatskaplikewerk privaatrektyke in Suid-Afrika, wat die prosesse toepaslik in maatskaplikewerk hulpverlening verteenwoordig, ook saamgestel en volledig weergegee; en
- toepaslike elemente met fokus op interne en eksterne elemente in die omgewing. Die interne elemente sluit onder meer karaktertrekke van die entrepreneuriese persoonlikheid, maatskaplikewerk persoonlikheid en bestuurspersoonlikheid in, terwyl die eksterne elemente onder meer die omgewing en omgewingsverandering vir 'n privaatrektyk omskryf.

Die ontwikkelde praktykmodel kan ook opsommend op p 307 van Hoofstuk sewe gevind word.

Vervolgens sal elke hoofstuk in die studie saamgevat en ge-evalueer word en met die nodige gevolgtrekkings en aanbevelings toegelig word. Die bespreking begin met Hoofstuk een.

9.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding tot die studie

9.2.1 Samevatting

Hoofstuk een bied 'n algemene inleiding en oriëntering tot die studie. Hierdie hoofstuk bied die struktuur en rasionaal vir navorsing. Die navorsingsmetodologie word bespreek deur die motivering

vir die studie, die probleemformulering, doel en doelwitte duidelik en gestruktureerd uiteen te sit. Hieruit vloei die navorsingsvrae en die benadering wat tydens die navorsingsproses gevolg is. Die prosedure en werkwyse gaan die voorondersoek voor, waar agtergrond met betrekking tot die keuse van geselskteerde konsepte uiteengesit word.

Die universum, steekproef en steekproefprosedure word verder bespreek waarna etiese aspekte kortliks uiteengesit word. Sleutelkonsepte vir die studie is gedefinieer waarna die probleme en beperkings van die studie uiteengesit is. Die hoofstuk eindig met 'n kort uiteensetting van die opvolgende hoofstukke vir die proefskrif.

9.2.2 Algemene gevolgtrekkings

Vanuit die literatuur wat in Hoofstuk een uiteengesit word is dit duidelik dat:

- (a) Die uitdaging aan die maatskaplike werker daarin gevind kan word dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk toegerus moet word om 'n privaatpraktyk suksesvol te bedryf;
- (b) in Suid-Afrika bestaan daar min navorsing oor die sukses en toepaslikheid van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk;
- (c) privaatpraktyk in maatskaplike werk bied 'n alternatiewe oplossing vir die beoefening van maatskaplike werk;
- (d) die ontwikkeling van privaatpraktyk as nuwe, dinamiese fokuspunt in maatskaplike werk, het tot die strewe na nuwe kennis en die daarstelling van 'n wetenskaplike gefundeerde kennisbasis vir privaatpraktyk, aanleiding gegee;
- (e) die probleem wat aangespreek word in hierdie studie is dus dat daar geen praktykmodel vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie;
- (f) daar 'n behoefte aan navorsing in die veld van maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika is;
- (g) die soort navorsing, naamlik die intervensienavorsingsmodel wat in hierdie studie gebruik is, was toepaslik en suksesvol ten einde die geformuleerde probleem aan te spreek en die navorsingsvrae sinvol te beantwoord;

- (h) die navorsers het deur middel van verkennende, beskrywende en evaluerende navorsingsontwerpe daarin geslaag om 'n volledige praktykmodel te konstrueer en beskikbaar te stel vir professionele gebruik;
- (i) die keuse van die kwalitatiewe navorsingsbenadering in die empiriese gedeelte van die studie is met sukses toegepas aangesien die model se sukses, *per se*, nie meetbaar is nie maar die benuttingswaarde van die voorgestelde model met groter sukses ge-evalueer kan word. Ten einde *benuttingswaarde* te evalueer beteken dat 'n ryk, indiepte evaluering oor elke komponent wat ingesluit is in die model, gedoen moes word. Die benutting van fokusgroepe het aan hierdie voorvereiste voldoen en nodige sinvolle resultate gelewer;
- (j) 'n leemte in die studie is dat die benuttingswaarde slegs deur maatskaplike werkers in privaatpraktyk woonagtig in die grense van die Wes-Kaap ge-evalueer is. Die graad van wetenskaplikheid van die model sou hoër gewees het indien elke provinsie in Suid-Afrika binne die ondersoek ingesluit kon word alhoewel die resultate, weens die benutting van fokusgroepe in die studie nie noodwendig anders sou vertoon nie; en
- (k) hierdie studie 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die maatskaplikewerk beroep aangesien dit 'n blik bied op die beoefening van maatskaplike werk binne die grense van besigheid, entrepreneuriese denke en omgewingsverandering.

8.3.4 Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bepaalde aspekte in Hoofstuk een


Vanuit bogenoemde inligting is die volgende aspekte in meer detail ge-evalueer met bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings:

- Wyse waarop die probleem aangespreek is;
- doel en doelwitte van die studie;
- navorsingsvraag;
- fokusgroepe as data insamelingsmetode.

9.2.3.1 Wyse waarop die probleem aangespreek is

- **Evaluering**

Tydens die formulering van die probleem vir hierdie navorsing is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen model vir privaatpraktykbestuur eie aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk bestaan nie. Verskeie navorsingsbenaderings, ontwerpe en prosedures bestaan waarmee 'n bepaalde navorsingsprobleem aangespreek en ondersoek kan word. Die taak van die navorser was om die mees toepaslike navorsingswyse te selekteer ten einde die mees doeltreffende resultaat te verkry. Figuur 9.1 bied 'n kontekstuele uiteensetting van die proses wat deurloop is alvorens op 'n geskikte wyse besluit is waarop die probleem aangespreek sou word.



Figuur 9.1 Kontekstuele uiteensetting van die wyse waarop die navorsingsprobleem aangespreek is

Vanuit hierdie proses was dit duidelik dat 'n raamwerk nodig sou wees waarbinne die model ontwikkel kon word. Die intervensienavorsingsmodel het hierdie raamwerk voorsien.

Deur gebruik te maak van die intervensienavorsingsmodel kon die navorser die navorsingsverslag indeel volgens prosedures wat as fases in die model uiteengesit is.. Daar is meer spesifiek volgens die ontwerp en -ontwikkelingsvlak van hierdie model gewerk wat 'n riglyn gevorm het vir die ontwikkelingsproses van 'n voorgestelde model in privaatpraktykbestuur.

Die praktiese implementering van die intervensiemodel is voorafgegaan deur 'n teoretiese konseptuele raamwerk soos vervat in hoofstuk twee, hoofstuk drie, hoofstuk vier, hoofstuk vyf en hoofstuk ses. Hierdie kontekstuele raamwerk het die teoretiese fundering vir die studie verskaf waarteen die ontwikkelde model in hoofstuk sewe en agt getoets is.

Die navorser het met die gebruik van die intervensienavorsingsmodel die probleem prakties aangespreek en het die werkwyse as 'n probleemoplossende proses en 'n effektiewe hulpmiddel beskou ten einde die bestaande probleem aan te spreek.

'n Verdere voordeel met die gebruik van die intervensienavorsingsmodel wat die navorser vanuit hierdie studie kan identifiseer is dat die model 'n gegewe realistiese probleem en praktiese doel as vertrekpunt gehad het. Dit was dus nie nodig om 'n hipotese te toets of 'n teorie te ondersoek nie. Die model kon sistematies en gestruktureerd saamgestel word ten einde 'n volledige verteenwoordiging van die gegewe werklikheid te bied. Die proses waardeur die intervensienavorsingsmodel se fases tot uitvoer gebring is, was plooibaar met 'n fundamentele riglyn wat die navorser op koers gehou het.

Ten einde te bepaal of hierdie probleem sinvol deur die loop van die studie aangespreek is, is dit belangrik om te bepaal of die navorser getrou aan die aard en werkwyse van maatskaplike werk gebly het en geoordeel het of 'n ontwikkelde model wel 'n bydrae tot die maatskaplikewerk kennisbasis kon lewer.

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die wyse waarop die probleem aangespreek is**

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat intervensienavorsing 'n besonder toepaslike navorsingsmodel vir die ontwerp en ontwikkeling van 'n model vir privaatpraktyk in maatskaplike werk is. Die navorsingsmodel begelei die proses deur middel van bepaalde fases en aktiwiteite tot die daarstelling van 'n eindproduk wat, aan die nodige vereistes vir die hantering van die geïdentifiseerde probleem voldoen. Dit bied ook die geleentheid dat die model met herhaling aangepas en verbeter kan word. Hierdie navorsingsmodel dra daartoe by dat 'n klaarontwikkelde produk nie beskou word as 'n eenmalige beantwoording van 'n behoefte wat oor bepaalde leemtes beskik nie, maar eerder as die vertrekpunt en bousteen vir toekomstige verdere ontwikkeling van 'n beter en nog meer toepaslike model.

- **Aanbevelings ten opsigte van die wyse waarop die probleem aangespreek is**

In die geheel beskou het die wyse waarop die probleem aangespreek is hoofsaaklik bestaan uit die gebruik van die intervensienavorsingsmodel. Die benutting van hierdie navorsingsmodel met sy besondere prosedures word aanbeveel as 'n geskikte wyse waarop 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk ontwikkel kon word en daardeur die geformuleerde probleem te kon aanspreek.

9.2.3.2 Die bereiking van die doel en doelwitte van die studie

- **Evaluering**

Die doel vir die studie is in Hoofstuk een punt 1.4, soos volg uiteengesit "Om 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika te ontwikkel en die benuttingswaarde daarvan te evalueer". Ten einde die doel te bereik is die totale intervensienavorsingsproses deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek in die vorm van vyf opeenvolgende fases soos uiteengesit in hoofstuk sewe deurloop en voltooi. Deur die proses om die doel van die studie te bereik is doelwitte geformuleer ten einde hierdie proses te verpraktiseer.

Die doelwitte vir die studie was soos volg:

- (i) Om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk daar te stel;

- (ii) om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken;
- (iii) om 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel; en
- (iv) om die ontwikkelde model se benuttingwaarde te evalueer.

Die proses wat deurloop is ten einde die doelwitte te bereik word in Tabel 9.1 ge-evalueer:

Tabel 9.1 Evaluering van die doelwitbereiking in die studie

Doelwit	Doelwitbereiking	Verwysende hoofstukke ten einde doelwitbereiking te bepaal
Om 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te verken.	Die navorser het 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk verken deur die mees toepaslike literatuur te bestudeer en daardeur 'n grondslag te stel vir 'n universele multidissiplinêre benadering tot alle ander literatuurhoofstukke. Die teoretiese verwysingsraam het die konteks gebied waaruit die navorser gewerk het. Hierdie kontekstualisering het vanuit die Sisteemteoretiese benadering geskied.	Hoofstuk twee. Die literatuur is tot so 'n mate verken dat 'n teoretiese verwysingsraamwerk suksesvol gekonstrueer kon word. Hoofstuk drie, vier, vyf en ses: Die komponente binne 'n voorgestelde struktuur van die model is vanuit die teoretiese verwysingsraamwerk, naamlik die Sisteemteorie aangespreek. Die fokus van hierdie hoofstukke was onder meer om ondersoek in te stel na die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente wat binne 'n voorgestelde model toepaslik sou wees. Hierdie proses het bygedra tot die bereiking van

		die eerste doelwit.
Om die profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te verken	Ten einde 'n profiel van bestaande privaatpraktyke in Suid-Afrika binne maatskaplike werk te konstrueer het die navorser gebruik gemaak van sekondêre data-ontleding. Die bestaande databank van SAASWIPP wat inligting oor alle geregistreerde maatskaplike werkers in privaatpraktyk bevat is bestudeer en noukeurig verken waarna 'n profiel saamgestel is van bestaande praktyke	Hoofstuk vyf Hoofstuk vyf is gebruik waartydens die navorser die doelwit kon operasionaliseer. Deur gebruik te maak van eenvoudige data-ontledingstegnieke kon 'n profiel van bestaande praktyke suksesvol verken word.
Om 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel	Met die sistematiese en noukeurige toepassing van die intervensienavorsingsmodel, is 'n model vir privaatpraktykbestuur noukeurig ontwikkel.	Hoofstuk sewe In hierdie hoofstuk beskryf die navorser die intervensienavorsingsproses volledig en sistematiese met 'n in-diepte bespreking van hoe die proses benut is vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel. Deur gebruik te maak van alle gegewe data en die bestudering van die literatuur is 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk suksesvol ontwikkel.

Om die ontwikkelde model se benuttingswaarde te evalueer.	Nadat die ontwikkelde model gekonstrueer is, is sy benuttingswaarde ge-evalueer deur gebruik te maak van fokusgroepe. Hierdie toepassing binne die konteks van die intervensienavorsingsmodel het in Fase drie en vyf geskied.	Hoofstuk agt In Hoofstuk agt is die prosedure waarmee die ontwikkelde model se benuttingswaarde ge-evalueer is, deur middel van kwalitatiewe data-ontledingstegnieke uiteengesit. Vanuit hierdie data kon daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die ontwikkelde model wel benuttingswaarde vir maatskaplikewerk privaatrektyk het.
---	--	--

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die bereiking van die doel en doelwitte van die studie**

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die doel wat vir hierdie studie gestel is met behulp van die doelwitte sinvol bereik is. Die uitkoms van die gestelde doel het 'n model tot gevolg wat onder andere deur maatskaplike werkers in privaatrektyk benut kan word.

- **Aanbeveling ten opsigte van die bereiking van die doel en doelwitte van die studie**

Die model vir maatskaplike werkers in privaatrektyk word na aanleiding van die doel en doelwitbereiking aanbeveel as 'n geskikte model met benuttingswaarde vir privaatrektyk.

9.2.3.3 Navorsingsvraag

- **Evaluering van die navorsingsvraag vir die studie**

Met die formulering van 'n navorsingsvraag vir die studie het die navorser seker gemaak dat die onderwerpveld wat bestudeer en verken is, deeglik en volledig gedoen is. Deur toepaslike navorsingsvrae te formuleer is veranderlikes ingesluit wat die studie afgebaken het. Die onderwerp is binne konteks van die studie geplaas en afbakening is hierdeur verseker.

Die volgende relevante navorsingsvrae is gestel :

- Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke in Suid-Afrika?
- Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir privaatpraktykbestuur in maatskaplikewerk?
- Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde praktykmodel vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur in Suid-Afrika?

Die navorsingsvrae is soos volg in die studie beantwoord:

Tabel 9.2 Die beantwoording van die navorsingsvrae vir die studie

Navorsingsvraag	Navorsingsantwoord
Wat is die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-Afrika?	Die aard van funksionering van bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyk in Suid-afrika word gekenmerk deur 'n verskeidenheid spesialiseringsterreine. maatskaplike werkers in privaatpraktyk benut onder meer gevallowerk, groepwerk, gemeenskapswerk, supervisie, aanneming, opleiding, statutêre en forensiese maatskaplike werk as wyse van inkomstegenerering. 'n Profiel met die verspreiding van elk van hierdie spesialiseringsterreine in Suid-Afrika is in Hoofstuk vyf saamgestel wat die aard van funksionering duidelik beantwoord en verklaar.
Wat is die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n praktykmodel vir	Die mees toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente vir 'n model vir

<p>privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?</p>	<p>privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk sal onder meer bestaan uit konsepte wat waardes, etiek en bemagtiging omsluit, besigheidsbeginsels, maatskaplikewerk beginsels en entrepreneuriese beginsels bevat, bestuursprosesse, maatskaplikewerk prosesse en entrepreneuriese prosesse beskryf en eksterne en interne elemente insluit.</p> <p>Hierdie komponente is volledig bespreek in hoofstuk twee, hoofstuk drie, hoofstuk vier, hoofstuk vyf en hoofstuk ses en in 'n praktykmodel deur middel van die intervensienavorsingsmodel in hoofstuk sewe ontwikkel.</p>
<p>Wat is die benuttingswaarde van hierdie nuut ontwikkelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk?</p>	<p>Die benuttingswaarde is deur 'n groep van 47 maatskaplike werkers in privaatpraktyk beoordeel en as benutbaar vir privaatpraktyk beoordeel.</p>

- **Gevolgtrekking ten opsigte van die navorsingsvrae vir hierdie studie**

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat elk van die drie navorsingsvrae wat in Hoofstuk een, punt 1.5 geformuleer is, sinvol en volledig beantwoord kon word. Met die sinvolle beantwoording van die navorsingsvrae kon die navorser tot die gevolgtrekking kom dat die navorsingsbenadering wat tydens hierdie studie gevolg is, genoeg ruimte gelaat het om die navorsingsvrae tot so 'n mate te beantwoord dat daar vir die probleem wat uitgespreek is, 'n sinvolle oplossing gevind kon word en dat die oorkoepelende doel van die studie, sinvol bereik kon word.

9.2.3.4 Fokusgroepe as data-insamelingsmetode

- **Evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings vir fokusgroepe as data-insamelingsmetode**

Deur gebruik te maak van fokusgroepe, kon die navorser bepaal of die nuutontwikkelde model vir privaatpraktykbestuur wel benuttingswaarde sou hê. Die respondente is dus geselekteer weens die feit dat hulle oor besondere karakteristieke beskik ten einde wel in staat te wees om 'n mening oor die benuttingswaarde van die model te kon uitspreek.

Die navorser het met die gebruik van fokusgroepe daarin geslaag om die waarde van die ontwikkelde model na 'n populasie te neem waar elke respondent 'n eiesoortige persepsie oor die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van privaatpraktyk besit. Die gemene deler was of die komponente wat ingesluit is in die model, sinvol en relevant sou wees. Uit die proses wat met die fokusgroepe deurloop is, kon die navorser hoor en evalueer wat maatskaplikewerk privaatpraktisyns werklik voel en beleef in praktyk en sodoende ook van hulle leer.

Die oorkoepelende doel van die fokusgroepebesprekings was om te luister en te leer van die respondente. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die fokusgroepe die navorser in staat gestel het om die werklike praktyk te verken, om konteks en diepte ten opsigte van die ontwikkelde model te verkry en om die komponente wat in die model ingesluit is sinvol te interpreteer en toepaslik te maak binne privaatpraktyk.

Die volgende aspekte rakende die fokusgroeponderhoude is van belang:

- **Evaluering van die proses van fokusgroepebenutting**

Die rasionaal vir die gebruik van fokusgroepe as data-insamelingsmetode kan gevind word in die persoonlike oortuiging van die navorser dat maatskaplike werkers in privaatpraktyk dikwels kla oor 'n geïsoleerdheid wat hulle beleef jeens kontak en die meedeling van kennis, ervarings in praktyk, suksesse en vrese. Die benutting van fokusgroepe is in die geval van hierdie navorsing drieledig naamlik:

- (i) Ten einde die navorsingsdoel, naamlik die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde model, tot uitvoer te bring met behulp van 'n ryk, sinvolle proses van kommunikasie rondom die nuut ontwikkelde model,
- (ii) ten einde aan die maatskaplike werkers in privaatpraktyk die geleentheid tot onderlinge kollegiale gespreksvoering te bied waarbinne hulle die sogenaamde "isolasië-gevoel" kan verminder, en
- (iii) ten einde die kommunikasienetwerk met onderlinge gespreksvoering te stimuleer sodat die aard en inhoud van die gesprekke tot die evaluering van die benuttingswaarde van elk van die komponente in die ontwikkelde model sal aanleiding gee.

➤ **Evaluering van die benadering wat binne die fokusgroepe gevolg is**

Tydens die benutting van fokusgroepe as data-insamelingsmetode is 'n kliniese benadering ten opsigte van die data-insameling gevolg. Hierdie kliniese benadering het van die veronderstelling uitgegaan dat die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model verstaan moet word deur elke respondent. Die benadering het tot gevolg gehad dat spesifieke inligting oor persoonlike belewenisse deur respondente gedeel is.

Die interpretasie van hierdie data is in 'n volgende stap aan die hand van reeds bestaande literatuur gedoen ten einde die insluiting daarvan in die model te motiveer. Die benadering wat gevolg is het die geleentheid gebied om werklike aspekte van belang vir hierdie navorsing aan te spreek.

➤ **Die beplanningsproses vir die fokusgroepe**

Met die beplanning van die fokusgroep het die navorser 'n duidelike plan uiteengesit waarvolgens die logiese verloop van elke fokusgroep opgeteken sou word. Hierdie logiese verloop het verseker dat indien tekortkominge in die voorgestelde model in die fokusgroepe geopper sou word, dit sinvol opgeteken sou word ten einde dit te gebruik in die verfyning van die voorgestelde model.

Die verloop van die beplanningsproses het vier komponente bevat wat soos volg in Tabel 9.3 ge-evalueer kan word:

Tabel 9.3 Die evaluering van die verloop van fokusgroepbeplanning in die studie

Komponent in die beplanningsproses	Evaluering van die komponent
Oorhoofse beplanning	<p>Die oorhoofse beplanning is aan die hand van 'n skedule gedoen wat saamgestel is uit die bestaande literatuur oor fokusgroepe. Vanuit die literatuur kon die navorser 'n duidelike en gestruktureerde beeld vorm van alle belangrike aspekte wat ingesluit moet word in die benutting van fokusgroepe as data-insamelingsmetode. Die oorhoofse beplanning van die fokusgroepe het bygedra tot 'n gestruktureerde aanbieding van die fokusgroepe. Hierdeur kon die navorser met sukses data insamel om sodoende die benuttingswaarde van die ontwikkelde model te evalueer. Die beplanningsproses het die volgende positiewe uitkomstevir die studie tot gevolg gehad:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die die doel en uitkoms van die foksugroep is duidelik geformuleer; • 'n tydlyn is suksesvol vir die afhandeling van die fokusgroepe opgestel; • potensiële respondente vir die fokusgroepe kon geïdentifiseer word; • die fokusgroepprae is suksesvol geformuleer; • die administratiewe beplanning vir die fokusgroepe is afgehandel. Hierdie administratiewe beplanning het die plek, tyd en datum van die beplande fokusgroepe ingesluit; en <p>aandag is geskenk aan die beplanning vir die ontledingsproses.</p>

Beplanning van die werwing van lede	<p>Ten einde lede vir die fokusgroepe te kon werf moes die navorser alle aspekte van die ontwikkelde model voltooi het. Nadat hierdie proses voltooi is, is die volgende take suksesvol afgehandel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die teikenpopulasie is gedefinieer, ge-evalueer en oorweeg vir moontlike insluiting en of uitsluiting in die fokusgroepe. • Elk van die drie fokusgroepe se unieke samestelling is afsonderlik uiteengesit. • Geïdentifiseerde respondente is telefonies gekontak. • Geïdentifiseerde respondente is na die aanvanklike telefoniese kontak per brief van die administratiewe reëlins in kennis gestel. 'n Breë raamwerk oor die aard, taak en rol van die respondent is ingesluit in die brief.
Beplanning vir die verloop van die fokusgroepe	<p>Die beplanningsproses vir die verloop van die fokusgroepe is nie voor aanvang van die fokusgroepe voltooi nie. Ruimte is gelaat om binne die aanvang van elke fokusgroep te herstruktureer indien dit nodig is. Komponente wat wel vooraf afgehandel was, is soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die taak en rol van die fasiliteerder is bestudeer en deur die navorser geïnternaliseer. Hierdie komponent was vir die navorser nodig aangesien haar persoonlike oriëntasie ten opsigte van die hantering van groepe gesetel is in die beginsels van Maatskaplike groepwerk. • Die bestudering van literatuur oor die afneem van veldnotas is deur die navorser gedoen ten einde die vaardighede wat van haar verwag sou word in hierdie verband nie deel was van haar bestaande kundigheid

	<p>nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Alle finale administratiewe reëlins is suksesvol met respondente wat geselekteer is, getref.
Beplanning vir die ontledingsproses	In die beplanning vir die ontledingsproses is 'n tydlyn vir die opstel van sowel die transkripsies van die fokusgroepgesprekke as die ontleding van die transkripsies opgestel.

Die beplanningsproses vir die fokusgroepe is suksesvol gedoen. Die navorser is van mening dat die beplanningsproses bygedra het tot die suksesvolle voltooiing van die fokusgroepe.

'n Leemte wat die navorser ervaar het was dat die aanvanklike tyd wat beplan is vir die transkribering en ontleding van die fokusgroepgesprekke ontoereikend was. 'n Verdere drie maande moes gebruik word ten einde hierdie taak suksesvol af te handel. Die misgissing in die tydsverloop van hierdie aksie het die afhandeling van die empiriese deel van die navorsing vertraag.

➤ Die insluiting van respondente in die fokusgroepe

Die insluiting van respondente in die fokusgroepe was sinvol en geslaagd alhoewel die navorser tot die gevolgtrekking kan kom dat elke aspek van die sukses van 'n fokusgroep afhang van die selektering van die respondente.

Die navorser het ten spyte van noukeurige seleksie steeds nie die respondente persoonlik geken nie en insluiting in die fokusgroepe het geskied op grond van doelgerigte steekproefneming gebaseer op feitlike aspekte soos onder meer die tydperk wat die respondent in privaatpraktyk is en registrasie by SAASWIPP. 'n Leemte wat die navorser ervaar het is dat alhoewel al die respondente homogene karaktertrekke gedeel het, hulle steeds onbekend met mekaar was en uiteenlopende persoonlikhede gehad het. Alhoewel hierdie aspekte van meet af nie vir die navorser soos 'n probleem gelyk het nie, het dit besondere vaardighede van die navorser gevra om

die groepe sinvol te fasiliteer. Die navorser sal aanbeveel dat aanvanklike onderhoude met geselekteerde respondente hierdie leemte kan aanspreek.

Groepsgrootte is in elke fokusgroep as 'n positiewe aspek van die besondere fokusgroep uitgewys. 'n Wye verskeidenheid response is van elke fokusgroep ontvang, wat die balans tussen die hoeveelheid respondente en die insette wat gelewer is, geregverdig het.

➤ **Die hoeveelheid fokusgroepe**

Die hoeveelheid fokusgroepe wat aangebied is, naamlik drie (3) word deur die navorser as toereikend bestempel. Dit was reeds duidelik na die tweede fokusgroep dat die benuttingswaarde van die konsepte, beginsels, prosesse en elemente van die ontwikkelde model sinvol en toepaslik ge-evalueer is. Ten einde gestand te doen aan die aard van kwalitatiewe navorsing is dit volgens Morgan en Krueger in Greeff (2002:312) noodsaaklik dat fokusgroepe met nuwe respondente herhaal ten einde alle moontlike nuwe insette in te sluit in die datastel. Die fokusgroepe is na drie toepassings getermineer nadat die navorser met sekerheid die inhoud van moontlike verdere fokusgroepe kon antisipeer deurdat versadigingspunt in fokusgroepbesprekings bereik is.

Die terminering van die fokusgroepe na drie byeenkomste kan ook verantwoord word deur die feit dat die hoeveelheid data wat ingesamel is nie die rykheid en diepte van die inhoud wat met die drie fokusgroepe ingesamel is, sou verander nie.

➤ **Die groepsfasilitering**

Die navorser se rol as groepsfasiliteerder kan ge-evalueer word aan die hand van die suksesvolle data-insameling tydens die totale proses. Die navorser het 'n ondersoekende ingesteldheid gehad en was verbind tot 'n objektiewe beoordeling van die inhoud van die ontwikkelde pratykmodel. Die feit dat die navorser self die fasiliteringsproses behartig het, het 'n sinvolle en positiewe bydrae tot die proses gelewer. Die navorser het toereikende agtergrond besit oor die onderwerp aangesien sy self die model ontwikkel het. Hierdie aspek het die fokusgroep se effektiwiteit verbeter aangesien die navorser enige kwelpunte wat tydens sessies ontstaan het self kon oplos.

Die grootste leemte wat die navorser tydens die fasilitering van die fokusgroepe ervaar het, was die uitoefening van beheer oor die gesprekstrant. Die navorser was met tye onseker of subtile beïnvloeding van die gesprekstrant nie die spontaniteit, belangstelling en betrokkenheid van respondente negatief sou beïnvloed nie. Die uitkoms hiervan was dat al drie fokusgroepe tydszaam en langdurig was. Dit kon veroorsaak dat respondente moeg en uitgeput raak.

➤ **Die afneem van veldnotas**

Die proses om veldnotas tydens fokusgroepe af te neem, word deur die navorser as een van die mees belangrike aspekte van die totale navorsingsproses beskou. Die navorser het gebruik gemaak van bandopnames tydens elk van die drie fokusgroepe. Die grootste leemte wat met hierdie proses ervaar is, is dat stemherkenning met die ontleding van die opnames soms moeilik en tydrowend was. 'n Organigram is getrek ten einde hierdie proses te vergemaklik. Hierdie organigram het die fisiese plasing van elke respondent aangedui. Respondente is ook versoek om na 'n vyftien minute verposing weer dieselfde posisies in te neem.

Die interpretasie van nie-verbale kommunikasie kan as 'n leemte in die ondersoek beskou word. Die navorser het met tye gevoel dat waardevolle inligting verlore gaan aangesien mede-respondente soms met nie-verbale gedrag saam met argumente wat geopper is, gestem het. Hierdie inligting het met tye verlore gegaan omdat die navorser op 'n ander punt in die groep gefokus was. Die blote bewustheid van nie-verbale kommunikasie tussen lede was nie genoeg rede vir die navorser om dit in te sluit in datastel nie. Die gebruik van 'n assistent tydens die verloop van die fokusgroepsessies mag hierdie proses vergemaklik.

• **Die ontleding van die data**

Dit was vir die navorser noodsaaklik om met die ontleding van die data die oorkoepelende doelwitte wat van toepassing vir die deel van die studie was, in gedagte te hou. Die ontledingsproses van die kwalitatiewe data wat opgeneem is in die transkripsie was kompleks en ingewikkeld. Die fokus in die ontledingsproses was om patrone wat herhaal en die rigting waarin

die gesprekke beweeg het, te ontleed. Dit is bereik deur gebruik te maak van kategorie-ontledings en sub-kategorie ontledings waarbinne die navorser sistematies, deurlopend en ongesteurd 'n vergelyking tussen al die groepe se insette kon tref. Die resultaat hiervan was 'n wetenskaplike bydrae op elk van die komponente wat ingesluit is in die ontwikkelde model.

9.3 Hoofstuk twee: 'n Teoretiese verwysingsraamwerk vir die voorgestelde model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.3.1 Samevatting

Die literatuurstudie in Hoofstuk twee word ingelei met 'n bespreking oor die belangrikheid van 'n teoretiese verwysingsraamwerk binne die konteks van modelontwikkeling. Konseptualisering van wat verstaan word as 'n model, die proses van modelontwikkeling en teoretiese modelle in maatskaplike werk bied 'n agtergrondsbeeld van die noodsaaklikheid van 'n gekose teoretiese verwysingsraamwerk. Die belangrikheid van 'n oop-model benadering binne die konteks van modelontwikkeling baan die weg tot die bespreking van die algemene Sisteemteorie as toepaslike verwysingsraamwerk. In die bespreking van die algemene Sisteemteorie word die komponente van belang en die grondbeginsels waarop die Sisteemteorie gebaseer is, uiteengesit. Hierdie grondbeginsels sluit onder meer die onderlinge verhouding en afhanklikheid van sisteme, die holistiese uitgangspunte van die Sisteemteorie, homeostase, die proses van transformasie, insette en uitsette, entropie, regulering binne 'n sisteem, die hierargiese verhouding binne sisteme en differensiasie, in. Die subsisteme binne die sisteem word bespreek aangesien die belangrikheid daarvan vir privaatpraktykbestuur in latere hoofstukke duidelik word.

9.3.2 Gevolgtrekkings

Vanuit die bestudering van die literatuur in die hoofstuk wat handel oor die Sisteemteorie is dit duidelik dat:

- (a) Die hoofstuk die dinamiese aard en toepaslikheid van die Sisteemteorie binne hierdie studie suksesvol bestudeer en bespreek het;.

- (b) die toepaslikheid van die Sisteemteorie, ten spyte van die feit dat hierdie teorie reeds meer as drie dekades gelede in die menslike diensberoep uiteengesit is, steeds 'n duidelike en relevante verklaring vir die funksionering van 'n privaatpraktyk as 'n sisteem binne 'n gemeenskap bied;
- (c) die verklaring van komponente binne die Sisteemteorie verstaanbaar en toepaslik is en daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die oorsaak en gevolg-verhouding binne sisteme as kompleks hanteer moet word. Hierdie insig bring mee dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie in isolasie funksioneer nie maar binne 'n sisteem met 'n veelheid van veranderlikes moet kan oorleef; en
- (d) die Sisteemteorie as teoretiese veringsraamwerk stipuleer ook dat grense binne sisteme troebel mag wees en nie voorspel kan word alvorens dit manifesteer nie.

9.3.3 Aanbevelings

- Die maatskaplike werker moet binne praktyk (sowel privaatpraktyk as binne organisasieverband) herhaaldelik bewus gemaak word van die belangrikheid van 'n teoretiese vertrekpunt in sowel die uitvoering van navorsing as die beoefening van maatskaplike werk as beroep.
- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet oor deeglike kennis van alle komponente binne die werksomgewing beskik. Die sukses van 'n privaatpraktyk begin by die verstaan van die aard en funksionering van die praktyk binne die sistemiese verband.

9.4 Hoofstuk drie: Toepaslike konsepte vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.4.1 Samevatting

Hoofstuk drie voorsien 'n bespreking van die eerste komponent wat binne 'n voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk uiteengesit is. Hierdie eerste komponent omvat alle toepaslike konsepte wat binne 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur opgeneem kan word. Konsepte wat belangrik is ten einde 'n struktuur vir die model te bied sluit in (l) onderliggende

waarde- en normsisteem, (ii) etiek en (iii) bemagtiging. In hierdie hoofstuk word die omgewing van die privaatpraktyk ondersoek en aspekte van ekonomiese en bestuurswese word aangespreek vanweë die aard en beskrywing van wat 'n privaatpraktyk behels. Die konseptualisering van die term waarde en norm-sisteem, etiek en bemagtiging word dus binne die konteks van (i) maatskaplike werk en (ii) ekonomiese en bestuurswese aangespreek. Die aannames waarop 'n waardesisteem binne maatskaplikewerk privaatpraktyk berus is bestudeer waarna die argumente teen privaatpraktyk beredeneer is.

Etiek as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk is verken met die bestudering van 'n etiese besluitnemingsproses vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur. 'n Geïntegreerde perspektief om die verskillende benaderings in besigheidsetiek en die toepaslikheid en bruikbaarheid daarvan in die beroepsveld van maatskaplike werk is verder bestudeer. Die hoofstuk word verder gevoer met die beredenering van die sogenaamde "winsmotief" teenoor die sogenaamde "diensmotief" en hoe hierdie twee komponente met maatskaplikewerk privaatpraktyk in verband staan.

Die hoofstuk word afgesluit met die bestudering van bemagtiging as fundamentele konsep vir maatskaplikewerk privaatpraktyk. Komponente van bemagtiging en die belangrikheid van bemagtiging in privaatpraktyk word uiteengesit.

9.4.2 Gevolgtrekkings

- Die bestudeerde literatuur suggereer dat die drie konsepte naamlik, waardes, etiek en bemagtiging die grondslag bied waarop 'n suksesvolle privaatpraktyk gebou behoort te word.
- Waardes, etiek en bemagtiging moet nie net vanuit die maatskaplikewerk perspektief bestudeer word nie maar moet ook vanuit suksesvolle besigheidsmodelle bestudeer en toegepas word.

9.4.3 Aanbevelings

- Konsepte in 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk moet multi-dissiplinêre dissiplines insluit. Aangesien 'n privaatpraktyk 'n winsoogmerk het, is die insluiting van konsepte vanuit die ekonomiese en bestuurswese nie onderhandelbaar nie.
- maatskaplike werkers wat privaatpraktyk betree moet ingelig word oor die waardes, etiek en bemagtigingsprosesse wat in 'n gesonde besigheidsomgewing geld. Die belangrikheid van 'n geïntegreerde model waar maatskaplike werk nie ten koste van besigheidsbeginsels sy waardes en etiek hoef neer te lê nie moet aan hierdie maatskaplike werkers oorgedra word.

9.5 Hoofstuk vier: Toepaslike beginsels vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.5.1 Samevatting

In Hoofstuk vier word daar aan die mees toepaslike beginsels vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktyk aandag geskenk. Hierdie beginsels word in die hoofstuk onderverdeel in interne en eksterne beginsels waar interne beginsels verwys na die maatskaplike werker as persoon en die beginsels wat geld in sy daaglike funksionering terwyl eksterne beginsels verwys na die beginsels wat die maatskaplikewerk beroep handhaaf. Saam met die eksterne beginsels is die besigheidsbeginsels wat in 'n privaatpraktyk geld ook in hierdie hoofstuk bestudeer. Vanuit die literatuur het dit duidelik geword dat die konsep besigheidsbeginsel dikwels as sinoniem vir goeie sake-oordeel of suksesvolle sakebesluite gebruik word. Dit het met die bestudering van die literatuur verder aan die lig gekom dat geen werklike stel besigheidsbeginsels geld in die besigheidswêreld nie maar dat die beginsels wat deur suksesvolle beroepspersone beoefen word eerder as suksesvolle besigheidsmodelle voorgedra word. Die beoefening van hierdie besigheidsmodelle waarborg nie besigheidsukses nie. Universele lewensbeginsels is eerder 'n uitvloeisel hiervan en moet in samehang met die suksesvolle besigheidsmodelle geïmplementeer word.

9.5.2 Gevolgtrekking

In die bestudering van die toepaslike literatuur in hierdie hoofstuk kon daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word dat:

- Bepaalde Maatskaplike aspekte van belang is binne die implementering van lewensbeginsels. Hierdie Maatskaplike aspekte omsluit die generiese beginsels wat geld vir die maatskaplike werker as beroepspersoon;
- die maatskaplike omgewing beïnvloed die funksionering van privaatpraktyk en daarom is dit van kardinale belang dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk alle maatskaplike aspekte, nie noodwendig die beoefening van maatskaplikewerk hulpverlening nie, in verband bring met die uitlewing van sy eie lewensbeginsels;
- daar bestaan sosio-ekonomiese aspekte wat die maatskaplike werker in privaatpraktyk in gedagte moet hou wanneer hy ook sy eie lewensbeginsels implementeer. So mag hy geroepe voel om "van diens te wees" maar finansiël genoodsaak word om 'n "winsmotief" ten koste van 'n "diensmotief" te implementeer;
- kulturele faktore het ook 'n invloed om die uitoefening van lewensbeginsels. Alhoewel kultuur as 'n eksterne faktor beskou kan word, het dit ook 'n invloed op die maatskaplike werker se eie selfbeskouing, realiteit, emosionaliteit en verwagtings.
- 'n gegewe kultuur aksentueer 'n bepaalde verhouding binne die sisteem. Hierdie verhouding beïnvloed die maatskaplike werker se uitgangspunt ten opsigte van hulpverlening en ekonomiese bestuursbeginsels;
- die besigheidsbeginsels met die mees toepaslike komponente in privaatpraktykbestuur kan gevind word in die beginsels met 'n sosiale verantwoordelikhedskenmerk; en
- vlakke van sosiale verantwoordelikhede in maatskaplikewerk privaatpraktyk aan die een kant en besigheidsbeginsels aan die ander kant het veel meer raakpunte as wat die navorser aanvanklik vermoed het. Deelname in privaatpraktyk aan sosiale verantwoordelikhedsaksies sal onder meer die verbetering van lewensomstandighede van werknemers in die praktyk, en ook betrokkenheid ten opsigte van die hantering van sosiale vraagstukke soos onder andere misdaadvoorkoming en bevordering by 'n burgerlike bewussyn, insluit.

9.5.3 Aanbevelings

- Die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat onder die indruk is dat sosiale verantwoordelikheid deel van sy werksomskrywing is, moet ingelig word dat sosiale verantwoordelikheid, buiten sy rol en taak as maatskaplike werker ook deel uitmaak van 'n suksesvolle onderneming of in hierdie geval 'n suksesvolle privaatpraktyk.
- maatskaplike werkers wat 'n privaatpraktyk betree moet konkreet onderrig word in suksesvolle besigheids- en bestuursmodelle waar toepaslike besigheidsbeginsels vir maatskaplikewerk privaatpraktyk aan hulle oorgedra kan word.
- maatskaplike werkers wat tot 'n privaatpraktyk toetree moet bewus gemaak word dat ten spyte van 'n stel generiese maatskaplikewerk beginsels, hulle ook hulle eie lewensbeginsels met hulle beroepsbeoefening moet versoen.

9.6 Hoofstuk vyf: Toepaslike prosesse vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.6.1 Samevatting

In hoofstuk vyf word prosesse wat deel uitmaak van die maatskaplikewerk hulpverleningsaksie uiteengesit en bespreek. Tot nou toe is die konsepte en beginsels in privaatpraktykbestuur uiteengesit. Die hulpverleningsprosesse - of aksies wat die privaatpraktyk in staat stel tot funksionering sluit onder meer 'n sikliese proses in wat op basiese aannames berus.

Dit is duidelik dat daar bepaalde fases bestaan ten einde hierdie sikliese proses sinvol af te sluit. Die fases en proses van die probleemoplossende benadering sluit nou aan by die teoretiese raamwerk van hierdie studie, naamlik die Sisteemteorie.

Die drie primêre hulpverleningsprosesse, naamlik gevallewerk, groepwerk en gemeenskapswerk is steeds die belangrikste boustene in die maatskaplikewerk privaatpraktyk. Hulpverleningsprosesse word steeds aan die drie primêre metodes geanker met sekondêre prosesse soos aanneming, statuêre en forensiese werk, opleiding en supervisie wat hieruit vloei.

'n Profiel vir bestaande maatskaplikewerk privaatpraktyke is opgestel ten einde die implementering van die drie primêre metodes of hulpverleningsprosesse met sekondêre metodes/prosesse wat daaruit voortvloei, weer te gee. Die profiel bied 'n visuele beeld van hoe die hulpverleningsprosesse binne privaatpraktyke tans in Suid-Afrika daar uitsien.

Daar bestaan in die maatskaplikewerk privaatpraktyk ook entrepreneuriese prosesse. Ongelukkig word hierdie entrepreneuriese prosesse nie ingesluit in die formele opleiding van maatskaplike werkers nie aangesien dit nie deel uitmaak van die primêre doel van maatskaplike werk nie. Die maatskaplike werker in privaatpraktyk moet tot dusver sy eie oordeel gebruik om die vaardighede van hierdie entrepreneuriese prosesse aan te leer.

Die entrepreneuriese prosesse komplementeer die maatskaplikewerk proses en sluit onder meer basiese aannames soos interne lokus van beheer, die bestuur van omgewingsfaktore en die bestuur van interpersoonlike hindernisse soos persepsies in.

Die fases in die entrepreneuriese proses wat onder meer die generering van 'n nuwe idee, die aktivering van 'n sneller, die implementeringsfase en die groei-fase insluit, verryk die maatskaplike werker persoonlik en bemagtig hom tot 'n beter hulpverleningsaksie. Verder rus entrepreneuriese vaardighede soos onder meer die vermoë tot entrepreneuriese denke, die vaardigheid van etiese besluitneming, die vaardigheid om uitkomst in die bedryf te voorspel, die vermoë om risiko's te neem, bemarkingsvaardighede, skakelvaardighede en netwerkvaardighede die maatskaplike werker tot so 'n mate toe, dat sy primêre hulpverleningstaak beter afgehandel kan word.

Toepaslike bestuursprosesse in maatskaplikewerk privaatpraktyk is ook binne hierdie hoofstuk uiteengesit aangesien 'n privaatpraktyk suksesvol bestuur moet word en op sakebeginsels geskoei behoort te word.

Besluitnemingsvaardighede, vaardighede om verantwoordelikheid te neem, kommunikasievaardighede, bemarkingsvaardighede, kennis van die Reg en Wet asook vaardighede met betrekking tot risikobestuur is onder meer deel van 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk.

Soos reeds genoem, is daar in die literatuurstudie gebruik gemaak van sekondêre data-ontleding om die bestaande teoretiese kennis vanuit die praktyk aan te vul. Die sekondêre data-ontleding het dus die literatuurstudie ondersteun en nie deel gevorm van die empiriese resultate nie. Dit is nodig om die metodes wat gevolg is in die sekondêre data ontleding noukeuring te beoordeel:

9.6.2 Sekondêre data-ontleding as ondersteunend tot die literatuurstudie

Daar is gebruik gemaak van 'n bestaande databank naamlik die SAASWIPP-databank wat data bevat van alle geregistreerde maatskaplikewerk-privaatpraktisyns in Suid-Afrika. Die oorspronklike doel van die SAASWIPP-databank was om aan onder meer geregistreerde SAASWIPP lede 'n verwysingsbron te voorsien waarmee hulle in 'n betroubare netwerk verwysings vanuit hulle privaatpraktyke na mede-kollega kan kanaliseer. Die feit dat die navorser die data ontleed het vir 'n andersoortige doel as dit waarvoor dit geormerk was kan as leemte beskou word.

Een van die nadele wat deur Strydom en Delpport (2002:331) in die gebruik van sekondere data-ontleding genoem word is die feit dat daar vir die doeleindes van sekondêre data-ontleding moontlik gapings in die databank mag bestaan. Die databank kan nie aangevul word nie en data wat in die databank opgeneem is, is die enigste stel veranderlikes wat benut kan word vir 'n tweede ontledingsgeleentheid. Enige opvolgvrage of aspekte wat verdere navorsing vra kan dus nie vanuit hierdie databank beantwoord word nie. Die navorser moes dus enige ontbrekende inligting as potensiele voortgesette navorsing identifiseer en aanteken.

'n Positiewe aspek met die gebruik van sekondêre data-ontleding wat ook deur Strydom en Delpport (2002:329) genoem word, was die feit dat geen reaktiwiteit met betrekking tot respondente bestaan het nie. Die data wat gebruik was, was vrygestel gewees van enige subjektiewe reaksie van enige respondente.

9.6.2.1 Evaluering van die proses van sekondêre data-ontleding

Tydens die probleemformuleringsfase van die navorsingsproses het die navorser aanvanklik nie die oogmerk gehad om 'n reeds bestaande data-bank vir ontledingsdoeleindes te gebruik nie. Na

die aanvanklike bestudering van bestaande inligtingsbronne afgehandel is, kon die navorser tot die gevolgtrekking kom dat daar reeds 'n data-bank bestaan wat die probleem wat geformuleer is vir hierdie studie sal aanspreek. Dit het die navorser verhoed om 'n probleem te formuleer wat slegs vir die doeleindes van 'n bestaande data-bank uiteengesit is. Die navorser kan tot die gevolgtrekking kom dat die bestaande data-stel van SAASWIPP en die hergebruik daarvan in sekondêre data-ontleding, die mees toepaslike proses was om deels die probleem wat geformuleer is, aan te spreek. Deur gebruik te maak van die resultate van die data-stel van SAASWIPP kon 'n profiel vir maatskaplikewerk privaatrektyke saamgestel word en die literatuurstudie verryk.

'n Leemte wat bestaan is dat die administratiewe funksionering van privaatrektyke steeds nie deur die voorgestelde model vir privaatrektyke ondersoek is nie. Die data-stel het geen data bevat wat die administratiewe profiel van bestaande privaatrektyke in maatskaplike werk kon weergee nie. Hierdie leemte kan aangespreek word deur met 'n verdere opvolgstudie 'n indiepte-onderzoek te loods oor die administratiewe funksionering van maatskaplikewerk privaatrektyke.

- **Herprosessering van data**

Dit was noodsaaklik dat die navorser in die herprosessering van die data-stel te waak teen die blote herhaling van reeds bestaande inligting. Die navorser het seker gemaak dat die datastel van SAASWIPP aansluit by die bereiking van die oorkoepelende doel en doelwitte vir die studie. Nie alle data wat opgeneem is in die oorspronklike datastel van SAASWIPP was toepaslik en binne die afgebakende grense van die oorkoepelende doel van die studie nie. Die volgende riglyn vir die benutting van 'n oorspronklike data-stel vir sekondêre ontleding soos deur Dale, et al. en Stewart in Strydom en Delpont (2002:328) uiteengesit is, is vir die doeleindes van hierdie studie benut. Die toepassing kan soos volg in Tabel 9.1 uiteengesit word:

Tabel 9.4 Riglyn vir die toepassing van sekondêre data-ontleding op 'n oorspronklike datastel

Riglyn voorgehou	Verband tussen die riglyn en die navorsings binne hierdie studie
Wat was die doel van die oorspronklike studie?	Die oorspronklike studie (SAASWIPP data-

	<p>bank) bied 'n opsommende blik aan geregistreerde maatskaplikewerk privaatpraktisyns oor kollegas se spesialisingsveld in praktyk, se kontakbesonderhede vir verwysingsdoeleindes en netwerking tussen onderskeie praktyke. Die toepaslike navorsingsstudie wil 'n profiel saamstel van bestaande privaatpraktyke ten einde 'n model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk te ontwikkel. Die doel van die oorspronklike studie en die data wat opgeneem is in die datastel is toepaslik en relevant vir sekondêre data-ontleding in die huidige studie.</p>
<p>Wie was verantwoordelik vir die insameling van die oorspronklike datastel?</p>	<p>Die oorspronklike datastel word in stand gehou deur die administratiewe prosesse en beamptes van SAASWIPP. Die datastel is 'n proses waar data selfgenererend bygevoeg word tot die datastel sodra 'n nuwe lid registreer as lid van SAASWIPP of sodra 'n bestaande lid persoonlike besonderhede wysig. Die navorser is van mening dat die aard en doel van die datastel, naamlik om 'n hulpmiddel aan maatskaplikewerk privaatpraktisyns te wees voorkom dat data wat ingesamel word blootgestel word aan probleme soos reaktiwiteit, subjektiwiteit, agterdog of vooroordeel.</p>
<p>Watter steekproefraam is gebruik?</p>	<p>Elke geregistreerde SAASWIPP lid se data word opgeneem in die databank van SAASWIPP. Die totale populasie van SAASWIPP lede is opgeneem in die datastel.</p>

	Geen steekproefraam is gebruik in die oorspronklike datastel nie. Hierdie aspek het dit vir die navorser gunstig gemaak om 'n verteenwoordigende profiel van maatskaplikewerkers in privaatpraktyk op te stel.
Met watter omsigtigheid het die oorspronklike navorser die data-insamelingsproses van die oorspronklike datastel hanteer?	Weens die aard van die bestaande databank en die doel waarvoor dit gebruik word, is geregistreerde lede van SAASWIPP gestel op die korrekte weerspieëling van data op die databank. Die geregistreerde SAASWIPP lede dien as interne kontrole vir SAASWIPP administrasie vir die korrekte en omsigtige omgang tydens die ontleding en verwerking van data.
Is die inhoud van die datastel steeds tans toepaslik en relevant?	Die nadeel aan die datastel wat beskikbaar is, is dat die inligting slegs een maal per jaar beskikbaar gestel word aan betrokke partye. Die inhoud van die datastel, die aard van die inligting wat vervat word in die datastel en die wyse hoe dit beskikbaar gestel word, is bruikbaar en toepaslik vir sekondêre data-ontleding.

Vanuit bogenoemde struktuur is dit duidelik dat die herprossessering van data vir die doeleindes van hierdie studie binne die grense van sekondêre data-ontleding geskied het. Die datastel kon krities ontleed word alvorens dit benut is in die bestaande navorsingsproses. Die navorser is van mening dat, alhoewel min kontrole oor die eerste data-stel bestaan het, die data-stel met omsigtigheid en verantwoordlikheid deur die navorser vir hierdie studie benut is.

9.6.3 Gevolgtrekkings

Verskeie gevolgtrekkings kan vanuit hierdie hoofstuk gemaak word. Dit sluit onder meer in:

- dat die maatskaplikewerker in privaatpraktyk steeds binne die hulpverleningsproses getrou aan die primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse soos uiteengesit in maatskaplike werk, moet bly. Hierdie hulpverleningsprosesse rig sy hulpverleningsaksie en bly steeds die sentrale bousteen van die beroep. Indien die maatskaplike werker sou afwyk van die primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse, sou sy hulpverleningstaak nie meer dui op maatskaplike werk nie;
- die maatskaplike werker in privaatpraktykbestuur word in die uitvoer van hierdie primêre en sekondêre hulpverleningsprosesse ondersteun deur entrepreneuriese en bestuursprosesse ten einde sy privaatpraktyk in staat te stel om suksesvol te wees. Die sukses van sy privaatpraktyk kan aan die (i) hulpverleningsprosesse en (ii) aan die mate van finansiële en bestuursukses van die praktyk, gemeet word;
- die entrepreneuriese prosesse omsluit basiese noodsaaklike vaardighede wat nie in die primêre opleiding van maatskaplike werk gevind word nie; en
- bestuursprosesse wat noodsaaklik is vir suksesvolle privaatpraktykbestuur bied aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk die nodige struktuur ten einde sy praktyk te bestuur maar ook om as maatskaplike werker die doelwitte, kernwaardes, beginsels en prosesse van maatskaplike werk, suksesvol te bestuur.

9.6.4 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings vloei voort uit bogenoemde gevolgtrekkings:

- Dat, weens die oorversadigde kurrikulum in maatskaplike werk, entrepreneuriese vaardighede en bestuursvaardighede as voortgesette opleiding in kortkursusse deur akademiese instellings aan maatskaplike werkers aangebied sal word.
- Dat sekondêre hulpverleningsprosesse in maatskaplike werk, soos onder meer aanneming, statutêre en forensiese werk en supervisie, as *spesialis modus van intervensie* op nagraadse opleidingsvlak die nodige erkenning sal geniet. Dat hierdie erkenning deur die Beroepsraad vir maatskaplike werk as spesialisopleiding gesien behoort te word en dieselfde beroepserkenning sal geniet as ander ander beroepe met spesialis-opleiding. Hier word veral

verwys na die mediese beroep wat 'n onderskeid maak in erkenning aan spesialisopleiding deur onder meer hoër tariewe vir spesialiste en akademiese erkenning in die vorm van beroepsbevordering, te sanksioneer.

9.7 Hoofstuk ses: Toepaslike elemente vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur

9.7.1 Samevatting

Die mees toepaslike elemente vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is in Hoofstuk ses bespreek deur die interne elemente, wat dui op die individu en eksteme elemente, wat dui op die omgewing, te bespreek.

Wisselwerkende sisteme in 'n maatskaplikewerk privaatpraktyk beïnvloed die mate van sukses van die praktyk aangesien die maatskaplikewerker in privaatpraktyk nie die ondersteuningsbasis van 'n organisasie het om op terug te val nie. Dit is noodsaaklik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk om homself te ken, sy entrepreneuriese karaktertrekke, bestuurspersoonlikheid en kenmerkende maatskaplikewerk karaktertrekke te identifiseer en uit te bou. Die ooreenkoms tussen die karaktertrekke van die suksesvolle entrepreneur en die maatskaplike werker kan tot voordeel van die privaatpraktyk benut en aangewend word.

Dit is verder noodsaaklik vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk om sy omgewing te verstaan en omgewingsverandering te kan bestuur. Hierdie omgewingsverandering sluit nie net die klientesisteem in nie maar sluit ook alle omgewingsfaktore wat 'n maatskaplike en ekonomiese invloed op sy praktyk mag hê, in.

9.7.2 Gevolgtrekkings

Daar kon na aanleiding van die literatuur wat in Hoofstuk ses bestudeer is, tot die volgende gevolgtrekkings gekom word:

- Spesifieke karaktereienskappe kan die maatskaplike werker in privaatpraktyk tot voordeel strek. Hierdie karaktereienskappe hou ook verband met die rolle wat die maatskaplike werker in sy privaatpraktyk vertolk;
- daar bestaan meer as een persoonlikheidsprofiel in entrepreneurskap en die suksesresep in entrepreneurskap is uniek vir elke individu;
- die persepsie wat by sommige maatskaplike werkers bestaan dat hulle nie suksesvol in die sakewêreld kan wees nie as gevolg van hulle gebrekkige entrepreneuriese profiel, word dus weerlê;
- die persepsie dat die opleiding in maatskaplike werk 'n individu voorberei om byvoorbeeld 'n goeie bemarker te wees, is ook in die literatuur weerlê. 'n Entrepreneuriese profiel saam met agtergrondomstandighede laat die individu 'n bepaalde beroepskeuse maak. Hierdie individuele entrepreneuriese profiel sou saam met 'n ander stel agtergrondomstandighede hom heel waarskynlik na 'n ander beroepskeuse gelei het.
- daar kon vanuit die literatuur geen wetenskaplike navorsing gevind word wat die tipiese karaktertrekke, wat as persoonstoerusting vir 'n maatskaplike werker voorgehou word, bevestig nie. Die karaktertrekke van die maatskaplike werker word gekoppel aan die basiese waardestelsel en etiese optrede in die beroep. Daar kan dus verwys word na 'n inherente lewensgesindheid van die maatskaplike werker ten einde 'n gebalanseerde volwasse lewe te hê. Hierdie inherente lewensgesindheid beïnvloed die wêreld en optrede van die maatskaplike werker subjektief;
- emosionele intelligensie is nodig om die maatskaplike werker toe te rus vir privaatpraktyk. Die verband tussen emosionele intelligensie en beroepsukses in maatskaplike werk kan toegeskryf word aan die uitgangspunt wat die maatskaplike werker huldig oor emosionele intelligensie. Sodra die maatskaplike werker die uitgangspunt huldig dat emosionele intelligensie met die bestuur van emosie en die erkenning van hierdie emosies te make het, en nie noodwendig 'n sogenaamde vaardigheid is wat aangeleer kan word nie, bevorder dit die entrepreneuriese prosesse, hulpverleningsprosesse en bestuursprosesse in privaatpraktyk,
- karaktertrekke van die bestuurspersoonlikheid van die maatskaplike werker het 'n verdere invloed op die sukses van 'n privaatpraktyk. Hier kan die onderskeid getref word tussen persoonlikheidstipes kenmerkend van bestuurders en bestuurstyle wat ontwikkel vanuit hierdie persoonlikheidstipes.

9.7.3 Aanbeveling

Die volgende aanbeveling ten opsigte van toepaslike elemente vir 'n model in maatskaplikewerk privaatspraktykbestuur kan gemaak word:

- Dat die maatskaplike werker wat 'n privaatspraktyk betree toegerus moet word om bewus te wees van die gevolg wat nie-liniêre uitkomst op die hulpverleningsproses mag hê en om hierdie nie-liniêre uitkomst dienooreenkomstig die behoeftes van die omgewing te bestuur.

9.8 Hoofstuk sewe: Die benutting van navorsingsmetodologie in die ontwikkeling van 'n model vir privaatspraktykbestuur

9.8.1 Samevatting

Hoofstuk sewe is benut om 'n duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat vir die studie benut is, uiteen te sit. Hoofstuk sewe bied gevolglik 'n roetekaart vir die wyse waarop doelwitbereiking op empiriese vlak uitgekristaliseer het.

Die navorsingsmetodologie wat benut is vir hierdie studie is binne die riglyne van die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) gedoen. Die Ontwerp en ontwikkelingsmodel in intervensienavorsing (O&O) is vir die doeleindes van hierdie studie benut.

9.8.2 Gevolgtrekking

Daar kan tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot die benutting van navorsingsmetodologie in hierdie studie gekom word:

- Die intervensienavorsingsmodel van Rothman en Thomas (1994) en meer in besonder die fases binne die ontwerp en ontwikkelingsmodel (O&O) het aan die studie die nodige

struktuur gebied waarvolgens doelwitte,metodes, en resultate selfstandig uitgevoer kon word.

- Die intervensienavorsingsmodel het aan die navorser ruimte gebied om 'n verskeidenheid van inligtingsbronne in 'n logiese struktuur te bestudeer en te inkorporeer in 'n werkbare praktykmodel.

9.8.3 Gevolgtrekking

Die volgende gevolgtrekking met betrekking tot hoofstuk sewe is relevant:

Die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie benut is het nie net die nodige ruimte en struktuur aan die navorser gebied om die navorsing suksesvol te voltooi nie,maar het ook aan die navorser die geleentheid gebied om 'n instrument te implementeer ten einde die rasionaal tot die studie, die navorsingsvrae en die doel en doelwitte vir die studie suksesvol te kon beantwoord.

9.9 Hoofstuk agt: Die empiriese bevindinge van die studie

9.9.1 Samevatting

Die empiriese bevindinge van die studie word in Hoofstuk agt uiteengesit. Hierdie empiriese bevindinge is geskoei op die fases wat in die intervensienavorsingsmodel gevolg is en fokus op fase vier en fase vyf van die intervensienavorsingsmodel.

9.9.2 Gevolgtrekking

Daar kan tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot die empiriese bevindinge van hierdie studie gekom word:

- Die empiriese navorsingsbevindinge is geskoei op die evaluering van die benuttingswaarde van die ontwikkelde praktykmodel. Die kwalitatiewe bevindinge is gebasseer op die inhoud van fokusgroepbesprekings. Hierdie fokusgroepbesprekings het

die voorgestelde praktykmodel se benuttingswaarde aan die hand van die komponente soos in hoofstuk twee, drie, vier, vyf en ses uiteengesit, ge-evalueer. Die kwalitatiewe data is deur middel van kategorieë en sub-kategorieë gegroepeer en georden ten einde te bepaal of die inhoud van die fokusgroepe die benuttingswaarde van die praktykmodel sinvol ge-evalueer het.

- Deur die benuttingswaarde van die voorgestelde model deur middel van fokusgroepe te evalueer, kon die navorser elke kategorie wat ingesluit is binne die model beoordeel en sinvolle aanpassings met betrekking tot die komponente wat van belang vir 'n model vir maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur is, maak.
- Dat die privaatpraktykmodel, gebaseer op die geformuleerde konsepte, beginsels, prosesse en elemente wel benuttingswaarde in maatskaplike werk het.

9.9.3 Aanbeveling

- Dat die voorgestelde model vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk beskikbaar gestel word aan maatskaplikewerk instellings wat bemoeienis het met die opleiding van maatskaplikewerkers in privaatpraktyk.

9.9.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Navorsing wat gerig is op die verkenning van beweegredes waarom maatskaplike werkers privaatpraktyk betree sal die toepassing van hierdie ontwikkelde praktykmodel substansie gee.
- Navorsing waar 'n beskrywing van elke-dag funksionering van privaatpraktyke in maatskaplike werk gedoen word, sal verder komplimenterend tot hierdie praktykmodel wees.
- Die disseminasie van hierdie model verdien om nagevors en ontgin te word.

9.10 Ten slotte

Privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bied 'n waardevolle toevoeging tot die beroepstatus van maatskaplike werk. maatskaplike werk moet die individuele behoeftes van maatskaplike werkers soos onder meer die behoefte na finansiële onafhanklikheid en multi-dissiplinêre

erkenning, erken en ruimte laat vir aanpassing en ontwikkeling. Navorsing moet in samewerking met professies en beroepe wat reeds binne privaatpraktyk gevestig is, onderneem word. Die ervaring en agtergrond van hierdie professies kan waardevolle insette vir maatskaplike werk lewer en sodoende privaatpraktyk in maatskaplike werk uitbou en rugsteun. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers bemagtig word om dit wat hulle goed en met oorgawe doen ook ter wille van eie belang te doen. maatskaplike werkers kan die volgende woorde van Jonathan Winters ter harte neem “ If your ship doesn’t come in, swim out to it,”